# GR 10 HERSIENINGSAKTIWITEIT: TOERISME; SOORTE TOERISTE; TOERISTEPROFIELE

NAAM & VAN ______________________________

DATUM ______________________________

/35 **Memo**



## Toerisme

**Beantwoord elk van die volgende vrae so breedvoerig as moontlik.**

1. Verduidelik waarom daar dikwels na SA verwys word as: '*Die land met die wêreld in een land'*

   SA is bekend vir sy diversiteit / verskeidenheid van fauna, flora, klimaatstreke, kulture en omgewings. (2)

2. Voltooi die tabel deur na die eienskappe van 'n toeris te verwys

| Toeris | Dagtoeris |
|---|---|
| Reis vir langer as 24 uur en korter as 1 jaar weg van sy eie blyplek. | Ook bekend as 'n: Ekskursionis. Reis: Minder as 24 uur. Kom dieselfde dag weer terug na hul woning. |

(6)

3. Verskaf een term vir elk van die volgende scenario's om, die tipe toerisme tesprake, te beskryf:

   a) Laura woon in 'n klein dorpie in die Vrystaat. Sy is tans op reis na NYC wat in Noord-Amerika geleë. Uitgaande toerisme (Outbound tourism) (1)

   b) Suid-Afrikaners is opgewonde om Nieu-Seeland se rugbyspan in ons land te verwelkom. Inkomende toerisme (Inbound tourism) (1)

4. Identifiseer die tipe reise wat uitgebeeld word:

   a) Binnelandse Intra-provinsiale toerisme
   b) Streekstoerisme
   c) Binnelandse Inter-provinsiale toerisme (3)

5. Noem enige 3 voordele wat vanuit die toerisme-industrie spruit.

Dra by tot die land se ekonomie & verhoog die BBP.
Verhoog algehele lewenstandaard.
Ontwikkel nasionale trots.
Bied geleenthede vir entrepreneurskap
Skep werksgeleenthede (3)

6. a) Dereck reis na George om die dag saam met sy vriende op die Fan Court-Gholfbaan te spandeer. Sport- en rekreasietoeris (1)

b) Die Watson-gesin geniet 'n welverdiende wegbreekkans na die KZN provinsie waar hul die sand, see en son gaan geniet. Ontspanningstoeris (1)

c) Frederick reis na die Wes-Kaap om aan die volgende aktiwiteite deel te neem: Rotsklim; Haaihokduik; Diepsee-duik; Reksprong. Avontuurtoeris (1)

d) Monique is genooi om 'n konferensie by te woon. Besigheidstoeris (1)

e) Benjamin word beloon met 'n toerpakket vir 7-nagte, aangesien hy die verkoopskonsultant is wat die meeste besigheid die afgelope 6 maande ingebring het. Aansporingstoeris (1)

7. Maak van 'n kort beskrywing gebruik om elk van die volgende soorte toeriste te verduidelik.

a) VFR: Besoek vriende en familie wat in ander dorpe, stede en lande woon. Hoofdoel van reis: Om tyd saam met vriende / familie te spandeer. Voorbeelde: Bywoning van 'n troue; begrafnis; familie reünie. (2)

b) Oorbruggingsjaar-toeris: Wil nie dadelik na skool gaan werk of studeer nie. Hul gebruik gewoonlik een jaar na skool om te reis, geld te verdien deur loswerkies en om lewenservaringe op te doen. Kan ook as 'n vrywilliger optree. (2)

c) Rugsakreisiger: Reis onafhanklik. Baie buigbaar – geen vaste planne / besprekings. Min geld & min bagasie. Goedkoopste akkommodasie en vervoer word gebruik. Dra alle besittings in hul rugsakke. (2)

# Toeristeprofiel

8. Voltooi die sin deur die ontbrekende terme in te vul.

'n Reisagent stel 'n toeristeprofiel op.

'n Toeristeprofiel bevat inligting oor die toeris om seker te maak dat die reis aan sy / haar verwagtinge / voorkeure / behoeftes / begeertes voldoen. (3)

9. Noem enige 5 velde wat in 'n toeristeprofiel ingesluit sal word. (5)

Enige 5:

| | |
|---|---|
| Foto | (Kop en skouers foto) |
| Naam | (Mnr / Mev) + Naam + Van |
| ID Nommer | (13 opeenvolgende nommers wat 'n persoon se identiteit bevestig) |
| Nasionaliteit | (Land van burgerskap: Suid-Afrikaner / Australianer / Amerikaner…) |
| Ouderdom | (….. Jaar) |
| Residensiële adres | (adres waar die toeris woon) |
| Kontakbesonderhede<br>Telefoon<br>E-pos | (selfoon en/of landlyn)<br>(volledige e-pos adres bv: pieter@gmail.com |
| Beroep | (Onderwyser / Ingenieur / Argitek…) |
| Bestuurderslisensie | (Kode + tipe motor) (nasionaal / internasionaal) |
| Spesiale belangstellings | (waarvan die toeris hou om te doen / sien / ervaar) |
| Behoeftes en voorkeure | (Enige iets wat die toeris tydens die vakansie verwag / verkies en graag wil insluit.) |
| Spesifieke vereistes | (Bv.: dieet- / geloofs- / kulturele riglyne & vereistes – moet ingesluit word.) |
| Duur van toer | (aantal dae of aantal nagte) |
| Beskikbare begroting | (Geld beskikbaar om te spandeer– spesifieke bedrag / beperk / onbeperk) |
| Allergieë | (Geen / sekere kossoorte / tipe medisyne) |
| Vertekdatum | (Gewoonlik 'n wiskundige formaat : 10/02/2020 = wanneer op reis vertrek) |
| Rede vir reis | (Soorte toeriste) |
| Naasbestaande | (Iemand wat gekontak en in kennis gestel kan word, indien die toeris nie bereik kan word nie – word veral in noodgevalle gebruik.) |



A. Jonker